


Kortliks



R15 miljoen

Die bedrag wat aan die begin van die maand in 'n reeks transitorooftogte gebuit is, volgens die Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum (Sabric).

Naas Desember is April die tyd wanneer sakeondernemings veral deurloop onder misdaad soos gewapende rooftogte, sê Richard Phillips, mede- uitvoerende hoof van Cash Connect Management Solutions.

“Ons kan met redelike sekerheid in April 'n toename in sakemisdaad verwag wanneer verbruikers met vakansie gaan en die volume kontant by kleinhandelaars landwyd toeneem,” sê hy.

“Misdadigers word slimmer en meer vasbeslote, soos die gebruik van plofstof in rooftogte wys.”

In 2016 het die gebruik van plofstof om kluse of kontantdeposithouers oop te dwing, met 400% toegeneem. Rooftogte in die kleinhandel sektor het met 150% toegeneem.

64%

Dis hoeveel meer stropers in Maart 2017 verkoop is as in Maart 2016, luidens syfers wat deur die Suid-Afrikaanse landboumasjinerievereniging (Saama) uitgereik is.

Meer stropers word in Suid-Afrika verkoop namate boere hulle gereed maak om die land se tweede grootste mielieoes tot dusver van die lande te haal. Dit wys ook verkope was 21% hoër as in Februarie.

Trekkerverkope is ook effens hoër met 515 eenhede wat in Maart vanjaar verkoop is. Dis byna 19% meer as die 434 eenhede wat in Maart 2016 verkoop is.

Tot dusver is trekkerverkope sowat 4% laer as verkope in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar en stroperverkope vir die jaar tot dusver is byna 12% hoër as in die ooreenstemmende tydperk.

“Die groei in verkope weerspieël die positiewe vooruitsig vir die somergraanoeste,” sê Wandile Sihlobo, landbouekonoom van Agbiz.

Die algehele somergraanoes word op 16,7 miljoen ton geraam, waarvan 14,3 miljoen ton mielies is.

10 miljoen ton

Dit is hoeveel oortollige steenkool by Eskom se Medupi-kragstasie buite Lephalale in Limpopo moontlik van die hand gesit gaan word.

Eskom het in Maart 'n versoek vir inligting uitgereik om die mark te toets. Partye wat belangstel moet teen 9 Mei onder meer op een bladsy verduidelik hoe hulle die steenkool by Medupi sal verwyder.

Medupi kry sy steenkool van Exxaro se Grooteegelukmyn.

Exxaro het dié myn teen miljarde rande uitgebrei juis om steenkool aan Medupi te kan lewer.

Hy het 'n kontrak om die volgende 40 jaar jaarliks 14,6 miljoen ton steenkool aan Medupi te lewer. Die kontrak is op 26 Maart 2010 gesluit.

In 2013 kon Eskom egter nie die steenkool aanvaar nie, maar hy moes Exxaro steeds R1,5 miljard daarvoor betaal. – **Netwerk24**

110 karaat

Die gewig van 'n diamantvonds wat Firestone Diamonds by sy nuut ontwikkelde Liqhobong-myn in Lesotho opgediep het. Dit is die maatskappy se grootste vonds tot dusver by dié myn.

Firestone Diamonds, wat in Londen genoteer is, se aandeelprys het met meer as 13% opgeskiet nadat hy die nuus van die vonds van 'n liggeel diamant van juweelgehalte bekend gemaak het.

Firestone is oortuig die afsetting kan nog groot diamante bevat.

Die ontdekking van groot edelsteene, in die bedryf bekend as “uitsonderlikes”, kan verdienste aansienlik vergroot. Die maatskappy het in Februarie diamante teen 'n gemiddeld van \$107 per karaat verkoop. Dit is laer as die internasionale gemiddeld van \$120 per karaat.

– **Bloomberg**